

Reinheid

Wat is reinheid, en hoe moet ons as die uitverkore dit toepas.

Reinheid beteken: Suiwer, onbevlek, onbesmet, en dat dit aan "n ongeskonde, kuis en eerbare persoon behoort. Ons weet ook indien daar onreinheid toetree moet daar "n skoonmaak {*bevryding*} of self verwydering intree om die onreine te help.

In die Skrif is daar etlike 100de verse wat gaan oor reinheid. Ek gaan "n klompie uitwys en my toespits op twee vlakke van reinheid nl.: die innerlike en uiterlike reinheid van die uitverkore volk (Adamiet) van YHUH. Bo het ek die algemene aspekte rondom reinheid uitgelig, maar tog is daar baie meer oor die aspek. Die Skrif vertalers wat uit Hebreeus en Grieks vir ons die Skrif daargestel het, het die leser verwar deur sekere woorde wat hulle ingevoeg het soos die "rein" woord bv. Die woord "heilig" is een van die woorde wat willekeurig in die Skrifte geplaas was deur die vertalers wat glad nie daar hoort nie. Die woord 'heilig' behoort aan holy / heilé wat sonstraal beteken. Die Hindu lentefeis gebruik hulle 'n vrou met die naam van Holi (*Holi wou Krishna vergiftig op 'n stadium*). Heilig se werklike betekenis is afsonder of rein; 'Heiligheid' moet onskendbaarheid of reinheid wees; 'Heiligmaking' moet weiding wees; 'Geheilig' moet vroom wees; 'Skynheilig' moet skynvroom of huigelagtige wees; 'Heiligdom' moet vryplaas, toevlugsoord of skuilplek wees; 'Onheilig' moet onrein wees; 'Heiland' moet Redder of Losser wees; Die woord "hallo" wat baie gebruik as 'n groetwoord is in der waarheid die heilige ring op die vromes se koppe.

Aspris wys ek 'n bietjie meer uit oor die woord, maar kom ons gaan oor na die Skrifte.

In Gen 7:2 staan: *Van al die rein diere moet jy vir jou telkens sewe paar neem, die mannetjie met sy wyfie; maar van die diere wat nie rein is nie, twee, die mannetjie met sy wyfie.*

Onmiddellik kan ons vra, maar wat is die verskil tussen rein en onrein diere? Die rein diere {en voëls} het "n siel en is gras vretend waar die onreine die teenoorgestelde is. Die rein diere het nie doelloos by VADER 'n siel ontvang nie, en hier is die rede: *Ex 13:2 Heilig Sonder af vir My al die eersgeborenes. Alles wat die moederskoot open onder die kinders van Israel Yashar'EL, van mense en van diere, dit is Myne. Ex. 13:13 Maar elke eersteling van 'n esel moet jy met 'n lam loskoop. En as jy dit nie loskoop nie, moet jy sy nek breek. Maar al die eersgeborenes van mense onder jou seuns moet jy loskoop.*

Met die uitwysing kan ons sien dat dit 'n siel vir 'n siel moet wees. Die wesens op aarde bestaan uit drie dele en daarsonder kan die wese nie bestaan nie. Dit is: liggaam {materie}, siel {tyd} en gees {spasie}. Die een kan nie sonder die ander bestaan op die aarde nie. Die 'liggaam' vergaan en word stof; die siel is die werklike wese wat gebore was wat aan VADER gehoorsaam moet wees en die gees is die asem wat die wese aan die lewe hou totdat dood intree.

Nou die rein dier se siel het nie die Ruach {*krag in die asem*} van VADER in hom nie, maar slegs 'n rein siel wat geoffer kon word (Mal.2:15). Daarom was dit belangrik om Lev. 11:47 onder die knie te kry nl.: *om te onderskei tussen wat onrein en rein is, en tussen die diere wat geëet en die diere wat nie geëet mag word nie.* Dit wat die dier aanbetref.

Ek gaan oor na die mens:

Lev. 10:10 en julle moet onderskeid maak tussen wat heilig afgesonderd en wat onheilig gesonder, en tussen wat onrein en wat rein is; (Eseg. 44:23) Die vers lig vir ons mooi uit dat afgesonderd en rein hand aan hand loop. Dit is nie te sê dat "n afgesonderde rein is nie, maar dat reinheid wel net tussen die afgesonderdes te vinde is. Daarom is dit baie belangrik dat ons onself moet afsonder sodat reinheid kan manifesteer in 'n vergadering (Lev.20:25).

Om rein te wil wees moet ons kyk na verskeie aspekte wat uitgelig was in die Skrifte. In Lev. 11:32 lees ons: *En alles waar een van hulle op val as hulle dood is, sal onrein wees; enige houtvoorwerp of kledingstuk of vel of sak, elke ding waarmee werk gedoen word; dit moet in die water gesit word en sal tot die aand toe onrein wees; dan sal dit rein wees.* Job sê in: 17:9 *Nogtans hou die regverdige vas aan sy weg, en die wat rein van hande is, neem toe in krag.* Dawid sê in Ps. 51:12 *Skep vir my 'n rein hart, o God VADER, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees.* In Sef. 3:9 staan: *Want dan sal Ek aan die volke rein lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van die HERE YHWH sal aanroep en Hom met 'n eenparige skouer sal dien.* Dus Matt. 5:8 *Salig Gered is die wat rein van hart is, want hulle sal God VADER sien.*

Kom ons kyk wat jou onrein maak:

Ons lees in Job 4:17 *Sou 'n sterfeling regverdig wees voor God VADER? Of 'n man rein wees voor sy Maker? Job 25:4 Hoe sou dan 'n mens regverdig wees by God VADER? En hoe sou hy rein wees wat uit 'n vrou gebore is?* Met die gelese woorde is alle mense {Adamiëte} op aarde in onreinheid. Ek praat nie van dier of heiden nie, maar die bloedlyn vanaf Adam deur Abraham, Isak en Jakob. Die dier en die ander volke het 'n bevel gekry om te gaan vermeerder, maar nie Adam nie! (Gen1:22,28). Hoekom nie? Omrede hy alleen was en as koning oor die aarde aangestel was.

Toe Eva kinders baar was dit die teenoorgestelde as wat die dier van die veld en die heiden volke baar (Gen.3:15, 16). Dus vir elke kind wat op aarde gebaar word vir die Adamiet sal grootliks haar moeite en haar swangerskap vermeerder en met smart sal sy haar kinders baar.

Noudat ons weet dat onreinheid aan die mens kleef {deur die satan} moet daar 'n skoonmaak en reinigingsproses wees wat gevolg moet word. Dus moes daar 'n reiniging wet gewees het. Van die vrou se reinheid na baring of bloed vloeiing lees ons in Lev.12; Van die siek of besmette lees ons in Lev.14. So kan ons op baie plekke lees wat gedoen was om rein te wil wees. Daar staan van lippe wat rein moet wees of 'n rein hart, maar dit het Saul ook gehad en wat ons lees van Saul gaan hy voor die gereg verskyn eendag.

Kom ons lees wat in Johannes staan om vir ons die 'reinheid' te openbaar. *Joh. 3:1-10 En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, 'n owerste van die Jode. :2 Hy het in die nag na J^{*sus} YAHUSHA gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God VADER gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God VADER nie met hom is nie. :3 J^{*sus} YAHUSHA antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God VADER nie sien nie.:4 Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? :5 J^{*sus} YAHUSHA antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God VADER nie ingaan nie. :6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. :7 Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. :8 Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.:9 Nikodémus antwoord en sê vir Hom: Hoe kan hierdie dinge gebeur? :10 J^{*sus} YAHUSHA antwoord en sê vir hom: Jy is die leraar van Israel Yashar'EL en jy weet hierdie dinge nie?*

YAHUSHA begin om met Nikodémus te praat met "n dubbele aanhaling: "Voorwaar, voorwaar". Dit wys vir ons uit dat die lering wat volg baie, baie belangrik is om na te luister. YAHUSHA begin deur om uit te wys dat daar 'n "geboorte" moet plaasvind. Onmiddellik kom daar 'n klomp vraagtekens op. Nikodémus dink dadelik, maar jy kan tog nie weer 'n normale geboorte ontvang nie. Ons wat oor die eeue die Skrif lees het elk sy eie interpretasie oor dié geboorte wat YAHUSHA deurgegee het. Ons sit met die klomp wat die geboorte van bo verander na 'wedergeboorte'. Die twee begrippe verskil van mekaar, want die 'weder' gee deur dat dit fisies is of dat dit fisies deur 'n geleerde {sodanige siele werker} gedoen kan word.

Baie gaan na die waters om die persoon te doop sodat die sodanige wedergeboorte kan plaasvind. Hulle noem dat die oumens in die water ingaan en die nuwe kom weer daaruit.

Die volgende groep is die geboorte van bo. Hulle het meer reg as die wedergeboorte manne, maar daarin lê ook verkeerde leer in. Hulle vat ook die manne na die water doop en noem dat nadat hy onderdompel is, het hy nou die geboorte ontvang.

Duidelik verstaan hulle nie ons Koning se lering wat Hy dubbeld beaam nie. Let op dat daar staan dat die nuweling die koninkryk van VADER "kan sien". Hy kan nou die Koninkryk verstaan en is vry om dadelik daarin te lewe. Ek laat dit eers daar en bring die begrip onder bymekaar.

Die volgende stelling {lering} van YAHUSHA beaam Hy weer twee maal wat ook baie, baie belangrik is om te verstaan. In vers 5 sê YAHUSHA dat die mens weer gebore moet word uit "water en Gees". Sodra daardie geboorte plaasgevind het, kan hy "ingaan" in die Koninkryk van VADER. Nou hier kom die geleerdes glad nie ooreen met die stelling (*bevel*) nie. Hulle weet nie regtig wat om vir ons deur te gee met die stelling nie en daarom behoort hulle nie in die amp soos YAHUSHA dit stel in vers 10.

Ek herhaal die verse met die antwoord:

(1) *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van ~~God~~ VADER nie sien nie.* Voorwaar, (G281 amein) voorwaar (G281 amein) {laat dit so wees soos Ek dit vir jou deurgee} Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore (G1080 weer geskep of weer gevorm) word nie, kan hy die koninkryk van ~~God~~ VADER nie sien (G1492 = 'Sien' om letterlik en figuurlik te kan verstaan; om te weet; om bewus te wees; om te kan aanskou; om verseker te weet) nie.

(2) *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van ~~God~~ VADER nie ingaan nie.* Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van ~~God~~ VADER nie ingaan nie. {Water is "n Normale geboorte . Daar is geen wese op aarde wat nie uit water gebore is nie. Van "n spinnekop of 'n vis wat uit 'n eier die lewe sien tot die dier en die mens sal uit water lewe ontvang. Hoekom? Omrede die aarde sy ontstaan uitwater ontvang het en so ook dit wat uit hom ontstaan het (Gen.1:2). Die "gees" is die asem wat alle lewe op aarde sal inasem. Daarsonder sal die lewe nie kan voortgaan om te bestaan op aarde nie, maar Let op dat die "Gees" met 'n hoofletter geskryf word. Om die "Gees" te verstaan moet ons na Mal.2:15 kyk: nl.: *Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy Gees (H7307 Ruach) oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van ~~God~~ VADER gesoek.* } M.a.w. Daar is "n fisiese ingang vir "n nuwe geborene!

Die eerste lering van YAHUSHA in vers 3; Hy noem dat ons verseker moet weet dat daar ‘n koninkryk wag vir Sy uitverkore.

Die tweede lering van YAHUSHA in vers 5; Hy noem dat ons ‘n fisiese en ‘n biologiese uitverkore rein wese moet wees om dit te beërwe.

Ek gaan ‘n punt aanhaal wat van belang is oor die bevoorregting wat ons as die uitverkore het. Die 12 stamme soos ons hulle leer ken het ‘uit die Skrifte’ weet ons dat daar ‘n skeuring gekom het tussen hulle.

1Kon. 11:29 Terwyl Jeróbeam in dié tyd uit Jerusalem uitgaan, kry die profeet Ahía, die Siloniet, hom op die pad; en dié was bekleed met ‘n nuwe mantel; en hulle twee was alleen in die veld. :30 Toe gryp Ahía die nuwe mantel wat hy aangehad het, en skeur dit in twaalf stukke, :31 en hy sê vir Jeróbeam: Neem vir jou tien stukke, want so spreek ~~die HERE~~ YHUH, die ~~God~~ Skepper van ~~Israel~~ Yashar’EL: Kyk, Ek gaan die koninkryk uit die hand van Salomo afskeur en aan jou die tien stamme gee; :32 maar die een stam sal syne wees ter wille van my kneg Dawid en ter wille van Jerusalem, die stad wat Ek verkies het uit al die stamme van ~~Israel~~ - Yashar’EL :33 omdat hulle My verlaat en hul neergebuig het voor Astárte, die godin van die Sidoniërs, voor Kamos, die god van die Moabiete, en voor Milkom, die god van die kinders van Ammon, en nie gewandel het in My weë deur te doen wat reg is in My oë, naamlik My insettinge en My verordeninge, soos sy vader Dawid nie.

Die skeuring het ontstaan deur ‘Kanaän’ die seun van Gam. Ha satan wat sy mes ingehad het vir YHUH se volk het van die Tuin van Eden probeer om Sy uitverkore te verdeel en te heers oor hulle. Die gode soos Astarte was aanbid deur Kanaän en eerste seun Sidon; Milkom (Molog) wat koning beteken was aanbid deur Ammon die kleinseun van Lot; Kamos die vis god was aanbid deur Moab die ander kleinseun van Lot.

Soos ons verder lees in die Skrifte sal ons sien dat die huis van Jakob verdeel was in twee huise nl.: Huis van Yashar’EL en Huis van Dawid. Die Huis van Yashar’EL is die eerste huis wat weggevoer was tussen die heiden volke.

Hulle was die 10 stamme wat gerebelleer het teenoor die Huis van Dawid. YAHUSHA het gewet dat Hy moes kom help, want die huis het hulp nodig wat tussen die heidene lewe. *Matt. 15:24 Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van ~~Israel~~ Yashar’EL.*

Nou om oor te gaan na die boodskap uit die geskeurde mantel (huis van Jakob). Die 12 Stamme het tussen die heidense volke gewoon en telkemaal die heidense gode aangehang. Hoeveel maal het VADER hulle nie gestraf dat hulle hul moet bekeer van al die drek gode. Hoeveel maal het HY vir hulle die opdragte gegee dat hulle hul moet “reinig” en afsonder weg van die ander volke se gode.

Onophoudelik het die kinders van Jakob / *Yashar'EL* gerebelleer tot en met YHUH hulle geskei het. *Jes. 50:1 So sê die ~~HERE~~ YHUH: Waar is tog die skeibrief van julle moeder waarmee Ek haar verstoot het? Of wie is daar van My skuldeisers aan wie Ek julle verkoop het? Kyk, weens jul ongeregthede is julle verkoop, en weens jul oortredinge is julle moeder verstoot.*

Weens die skeiding is ons verstoot weens ongeregtheid en verkoop onder die heiden nasies. Ons het die heiden gelowe aangeneem en aan ons kinders dit (soos ons dink) oorgedra. In die plek van die regte boodskap het ons 'n vervanging geplaas (*Kersfees, Paasfees of Valentynsdag*). Van die verstote *Yashar'EL* bly in Asië, Rusland, Indië, ens. Hulle wat die volk is wat telkemaal vergeet het van hulle geestelike kompas (*430 jaar in Egipte; 329 jaar onder rigters; 121 strafgerig tydens die rigters tyd; 495 jaar onder koningskap; 70 jaar in Babel; 280 jaar waar die 10 stamme en 'n groot deel van die ander 2 oorblywende stamme totaal weggevoer was tussen die heiden volke; Jak.1:1 Jakobus, 'n dienskneg van God VADER en die ~~Here~~ ~~Jesus Christus~~, Meester YAHUSHA dié Nasaréner aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete!*).

Nou kan ek die vraag vra weens die vers verwysings nl.:

As uitverkore lid van die volk van YHUH nou so oral tussen die heidene gaan woon het en sy gees en vleeslike geskiedenis 100% verloor het en daarbenewens tog 'n vrome lewe gelei het saam met die heidene, is hy verlore en onrein? My opinie is dat ons 'n regverdige VADER het in die hemele. Daardie uitverkore broer en suster sal voor die regterstoel verskyn. Hy sal antwoord moet gee volgens sy lewe en daede en daarvolgens sal hy geregverdig word. Ek glo dat daar baie min gevalle was, want die Skrif noem duidelik dat die uitverkore die heelyd onder VADER se oë is. *Eseg. 34:6 My skape dwaal rond op al die berge en op al die hoë heuwels; ja, oor die hele oppervlakte van die aarde is My skape verstrooi, sonder dat iemand na hulle vra of hulle soek. Eseg. 34:13 En Ek sal hulle uitlei uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land; en Ek sal hulle laat wei op die berge van ~~Israel~~ *Yashar'EL*, in die klowe en in al die bewoonbare plekke van die land. Jer. 3:14 Keer terug, o afkerige kinders, spreek die ~~HERE~~ YHUH, want Ek is Heer oor julle; en Ek sal julle neem, een uit 'n stad en twee uit 'n geslag en sal julle in Sion bring.*

Dus die verstrooide wat dink hy is 'n Hindoe sal in sy lewe aangeraak word om rein te kom as dit YHUH se wil is. In dieselfde asem wil ek noem dat ons wat die Skrif (1933 /53) het, het nie 'n verskoning om as 'n reine te kan verskyn voor ons Koning nie. *Eseg. 36:25 Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. Joh. 15:3 Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het.*

Bedink dit en word rein!

Ns.: 'n volgende siening oor Reinheid of Afgesonderdheid

Waar het reinheid begin? Wat beteken reinheid (*Afsondering*)? Is reinheid nodig en hoekom? Waarvoor staan reinheid (*Afsondering*)? Die vrae wat altyd te voorskyn kom, soos bo wat die *Yashar'EL* verwar, moet gehelp en versterk word.

Reinheid het natuurlik sy oorsprong gekry in die tuin van Eden toe YHUH Adam eenkant en alleen gescape het weg van die ander wesens (Gen.1:26; 2:7; Maleagi 2:15). Hoekom?, want die duiwel is vanaf die uitwerping op die aarde altyd teenwoordig in wat YHUH ook al gescape het (Open.12:9). Ha satan het altyd versoek of probeer om YHUH se werke af te breek (Joh.8:44). Bv.: Na die Wetsoortreding het Ha satan se metgeselle met die Adamitiese vroue gemeenskap gehad, en daar was toe reuse (Gen.6:4). Die reinheid is verbreek en die boosheid met sy slegte het na vore gekom. Adam is uit stof geformeer om presies soos YAH / YHUH te lyk (Gen.1:26), m.a.w. YHUH het Sy verteenwoordiger (*Adam*) daar geplaas dat daar geheers kon word oor Sy skepping. Ha satan wat buite daardie skepping was, (bloedlyn) was jaloers daarop en YHUH was bewus van sy jaloesie (Open.12:5,6). Deur die Skrif kan ons kyk hoe VADER en YAH SY Seun die bloedlyn suiwer gehou het sodat Sy Seun YHUH as "SHA" (*Losser*) gebore (Ps.132:11) kon word as 'n suiwer wese. Vir YHUH is 'n gesin en familie baie belangrik, want deur jou familie geslagsregister kan jy terugkyk na reinheid en suiwerheid in jou bloedlyn (Mat.26:63, 64). YHUH sê dit duidelik in Jes.45:18 dat die doel van die aarde is om bewoon te word. Daar is plek vir almal uitgewys (Deut.32:8,9) en grense daar gestel (Gen.35:12). Abraham het tussen die Kanaäniete (*Soos ons hier in Suid Afrika*) gewoon, maar sy dienaar na sy familie toe gestuur om vir sy seun 'n vrou te neem (Gen.24:3,4). Ons ken die geskiedenis met Isak en daarna van Jakob dat daar net sewentig siele na Egipte getrek het (Ex.1:1-5). Vier honderd en dertig jaar daarna het die familie gegroei tot oor die drie miljoen. Met volk status is die volk uit Egipte uitgelei en by die berg Sinai het ons met YHUH in huwelik getree as Sy eiendomsvolk (1 Pet.2:10; 1 Pet.2:9-10 *deur die vrugbare belofte van YHUH aan Abraham*). Ons het toe die Wette, Insettinge en Gebooie ontvang (Neh.9:13; Eseg.16:8). YHUH sê duidelik dat die Wet vir ons bedoel was en dat daar afsondering moet wees tussen hulle (*Yashar'EL*) en die kinders van die land (Ex.12:38; Lev.24:22; Ps.147:19, 20). YHUH sê ook dat ongeregtigheid van die vaders strafbaar sal wees en na die volgende geslag oorgedra sal word (Num.14:18).

{Die oordrag is nie dat die volgende geslag gestraf sal word nie, maar dat hulle nie die voordele sal hê wat hul voorvaders wel gehad het nie}.

Daar het nooit weer ander insettinge bygekom om ander volkere in te sluit nie (Mat.5:17-19). Daar kom wel 'n tyd dat die wette in ons harte geskrywe sal wees (Jer.31:33).

Afgesonderdheid word duidelik uitgewys in Deut.7:6 waar YHUH ons as eiendoms volk uit al die ander volkere uitverkies het (Lev.20:26). Amos.3:2 waarsku YHUH Sy volk dat Hy, Sy eerste besoeking tot straf gaan doen by Sy uitverkore volk. Voordat YAH die aarde geskape het was Hy dié Gesalfde Koning in die hemele (*Ons toekomstige Koning op die aarde*). YAH was in VADER se plan om vir Hom 'n nageslag te verseker (Mal.2:15; Matt.25:32-34; 1 Pet.1:19-2; Luk.1:55). Die "erfdeel" staan op baie plekke in die Skrifte, maar die volk (*twaalf broers*) het toe dit nog nie in besit geneem nie, want YAH het aan hulle eers die voorwaardes gestel indien hulle dit wel in besit sou neem (Ex.23:31-33). Toe die volk uit Egipte getrek het, het daar baie ander mense met gemengde bloed ook saamgetrek wat vir die *Yashar'EL* net probleme veroorsaak het ({Ex.12:38; Ex.23:33} *soos ons voortrekkers*). Hulle het die goue kalf aanbid wat gevolg is met dood van baie; Die aarde wat oopgegaan het; Die plaag wat hulle laat sterf het deur verbastering waarvan Pínehas die Midianitiese vrou en die *Yashar'EL* man deurboor het met sy spies (*verbastering*) (Deut.7:3,4,6).

In Jos. 23:11-12 sê YHUH duidelik "*moenie afwyk*" van julle volk na ander nasies toe nie (*Geen verbastering nie*). In Rig.9:2-3 en 8-14 sê dit ook duidelik dat dieselfde gebeente en vlees oor hulle moet heers.

Ek gaan voort; Nadat die volk as 12 stamme die beloofde land in besit geneem het en waarvan 10 stamme later weens oortredinge verstrooi geraak het, het koning Kores van Persië aan die 2 oorblywende stamme (*Juda en Benjamin*) opdrag gegee om terug te gaan sodat hulle weer die huis van hulle YHUH kon bou (2 *Kron.36:23*). Met die bou wou ander volkere ook help wat geweier was deur hulle (*Esra.4:3; Neh.2:19-20*). Met voltooiing van die bouwerke het Esra daar aangekom met die volk en die slegte nuus verneem dat die *Yashar'EL* verbaster het met ander volke. Hy het sy kleure geskeur en geweens die daad. Die volk het hulle self daarna verootmoedig en al die vreemde vroue met hulle kinders terug gestuur (*Esra.10:2-3; 10-12*). Die wet is gelees en hulle het hul "reiniging" aangekondig (*Neh.13:1-3*).

Die wat weg gestuur was weens verbastering het listige planne saam gesmee om *Yashar'EL* tot niet te maak (*Ps.83:4, 5*).

YAHUSHA het ook duidelik dit deurgegee hoe Hy afsondering moes laat verstaan. Hy het ander volkere gereeld onrein diere name gegee om dit duidelik deur te gee hoe Hy oor hulle voel of wat Hy oor hulle wil sê; Soos bv. adders, honde, jakkalse, ens.(*Open.22:15*).

As voorbeeld kan ons kyk waar YAHUSHA met 'n Kananése vrou gepraat het toe sy Hom lastig geval het: Eers het Hy haar nie geantwoord nie omdat sy 'n Kanaäniet was. Sy was desperaat en het voor YAHUSHA neergeval; Hy het haar aangespreek en vir haar gesê: Dit is nie mooi van jou (*as hond*) om die brood (*Woord*) wat ek aan My verlore kinders wil gee aan jou as 'n ander volk te gee nie (*Mat.15:24-27*). Sy het aan YAHUSHA 'n goeie antwoord gegee deur te sê; Ja Meester, maar ons as ander volkere (honde) ontvang darem die krummels van wat van die tafel afval.

YAHUSHA het wel genoem in *Matt. 7:6* *Moenie wat heilig rein is, aan die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie*. Daarom het hy haar die “krummel” hulp deur gegee soos Hy die soldaat ook gehelp het wat 'n Romein was (*Matt.8:8; 2 Kon.17*).

Hoopvol maak die “afsondering/ reinheid” sin.

Ns.: Pasop vir die gesteelde woorde van die leraars wat met die deur sleutel sit maar self nie ingaan nie. Hulle interpreteer en lees die Skrifte tot hulle eie voordeel en nie tot die gemeente se voordeel nie. Waarsku jou broer en gee ag op YAHUSHA se lering en Bergpredikasie (1Joh.4).

Lees die Skrif om dit te verstaan. Lees die 'God' name as Skepper in die ou Verbond {ou testament} Die oorspronklike naam sou bv. El, Elohim, Eloha, ens. gewees het en daarom lees ek eerder “Skepper” om verwarring te voorkom. In die nuwe testament / Verbond lees ek die God name as VADER. Lees die 'Here' name in die ou testament / Verbond as YHUH / YAHUAH of selfs net YAH en in die nuwe testament / Verbond Meester.

Glo vir my dat openbaringe sal toetree as jy dit so lees, en mag VADER met jou as Skrif student wees tot daardie openbaringe.

Bedink dit